Hansie Knoetze in atletiekdrag soos sy medeleerlinge by die Hoërskool Grenswag hom ken.

‘Good Morning Angels’ maak drome waar...

RUSTENBURG - ’n Skander 18-jarige jong man van Rustenburg se drome om verder te studeer is pas bewaarheid toe sy storie die ore en harte van Radio Jakaranda se nou reeds bekende “Good Morning Angels” bereik het.

Hansie Knoetze was tot onlangs ’n hardwerkende leerling van die Hoërskool Grenswag wat pas sy matriek-eindeksamen afgelê en nodeloos om te sê - met vlieëende vaandels geslaag het.

Vir Hansie was daar tot baie onlangs ten spyte van sy skitterprestasies op skool nie vooruitsigte van tersiëre opleiding nie.

Die geldjies is maar skaars en Hansie en sy ouers is nie ryk mense nie. Vir die afgelope 13 jaar al woon sy ouers - Gert en Daleen Knoetze in Amberboomlaan - ’n munisipale behuisingsprojek vir behoeftige en mindergegoede gesinne en individue.

Hansie se niggie (Bronwyn Minnie) het laat verlede jaar in die geheim met Jakaranda en die “Good Morning Angels” “gekonkel” en Hansie se dapper verhaal met hulle gedeel. Benewens uitstekende prestasies was Hansie ook lid van sy skool se leerlingraad en het hy vroeër as nasionale wenner van ’n dubbelmedium-redenaarskompetisie geëindig. Só toegewyd was Hansie dat hy sy rugbystewels opgehang het (hy het vir die eerstespan uitgedraf) om in sy finale jaar op sy skoolwerk te konsentreer.

Hansie se enigste hoop was waarskynlik om met uitstekende akademiese prestasies vir ’n beurs in aanmerking te kom.

Hoe dit ook al sy, Hansie het nie soos baie ander voornemende studente aan die einde van die derde termyn vir ’n moontlike beurs aansoek gedoen nie en gemeen dat hy vir sy uitslae aan die einde van die vierde kwartaal sou moes wag - uiteraard heeltemal te laat.

Danksy die bemiddeling van Charmaine du Plessis van Jakaranda en die “Good Morning Angels” het prakties gesproke die hele land (die storie is op Jakaranda uitgesaai) Hansie se verhaal gehoor en is sy drome om verder te studeer verwesenlik toe die Universiteit van Johannesburg besluit het om ’n studiebeurs aan hom toe te ken.

Hy wil hom as geoktrooieerde rekenmeester bekwaam.

Vir die volgende drie jaar maak die beurs vir Hansie se studies en sy koshuisverblyf voorsiening - vir sy etes en sakgeld sal hy en sy gesin egter self verantwoordelik bly.

“Ons is al dié wonderlike mense baie dank verskuldig”, het Hansie se ma (Daleen) Dinsdag met ’n knop in haar keel aan die Herald gesê. “Was dit nie hiervoor nie, sou Hansie net eenvoudig moes gaan werk, siestog - en hy wou so bittergraag gaan leer”.

Hansie het reeds met sy studies begin toe die storie die Herald onlangs bereik het - hy moes trouens, reeds op 9 Januarie vir ontgroening aanmeld - ja, soos elke gewone ander student moes Hansie ook hierdie deel van die universiteitslewe ervaar.

Hansie sal eers oor twee of drie weke vir die eerste keer huis toe kom sedert hy met sy studies begin het - “dan sal ons hoor hoe dit gaan”, het sy ma dankbaar gesê.

Mev Daleen Knoetze - Hansie se trotse moeder, met ’n foto van hom en ’n trofee wat hy as landswye redenaarswenner losgeslaan het.

Só lyk belastingbetalerskomitee

RUSTENBURG - Dit is teen hiertyd tyd ou nuus dat Rustenburg se Belastingbetalersvereniging ’n spinterenuwe baadjie aangetrek het en hoop om in die toekoms ’n leidende rol in sake van gemeenskaplike belang te speel.

“Sedert ons stigting het ons reeds ’n baie geslaagde ontmoeting met mnr Andries Boshoff, munisipale bestuurder van die Rustenburgse Munisipaliteit gehad. Baie werk lê egter nog voor voordat ons werklik om ’n tafel sal kan sit en kan aandring op die dienste was ons toekom”, het mnr Johan Schoeman vandeesweek aan die Herout gesê.

Hoe dit ook al sy - ’n interimkomitee is tydens die Belastingbetalersvereniging se stigtingsvergadering op 18 Januarie byeengeroep. Daar is besluit dat die volgende lede op ’n interimbasis in die volgende portefeuljes sal dien:

Johan Schoeman - voorsitter; Pieter Malan - ondervoorsitter - Watervaloos; Johan de Klerk: sekretaris - Middedorp van Nelson Mandela tot Bovenstraat;

Connie Prinsloo - tesourier (voorlopig);

Die addisionele lede is Yunus Ally (Karlienpark en Zinniaville; Hennie Joubert (Middedorp vanaf Nelson Mandela tot Ooseinde; Essop Cajee (Karlienpark & Zinniaville); Joe Strydom (Safarituine); Jody Klue; Charlie Graham (Geelhoutpark en Olympiapark Sportkompleks); Francois Duminy (Cashan 4).

In wese is ons eerste komiteevergadering op 28 Januarie grotendeels deur die samestelling van ons interimkomitee in beslag geneem. Lede van die interimkomitee het by dieselfde geleentheid opdrag gekry om deur hul “wyke” te gaan en op grondvlak te hoor wat die belastingbetalers se klagtes, besware en vrese is. Hierdie sake sal met ons eerste volwaardige vergadering op Donderdag, 4 Februarie (vanaand) in meer diepte bespreek word, het mnr Schoeman gesê.

“Goeie nuus wat ons intussen van die munisipale bestuurder verneem het, is dat hy en die munisipaliteit se direkteure bereid is om met ons bestuur om ’n tafel te sit sodat die probleme wat ons het bespreek kan word en daar na oplossings gesoek kan word. Vanaand se vergadering is slegs vir interimkomiteelede en begin stiptelik om 18:00", het mnr Schoeman gesê.

VOEL TUIS
Rustenburg Herald

News Watch

INTERNATIONAL NEWS

ANGOLA - Egypt became African Cup of Nations champions for a record third consecutive title after beating Ghana 1-0 in Luanda in the final.

IRELAND - A 25-year-old employee of the Bank of Ireland was detained by authorities in connection with the largest bank robbery in the country’s history.

FRANCE - The remains of 250 British and Australian soldiers who died in the Battle of Fromelles during World War I were reburied in the first new Commonwealth War Graves Commission cemetery to be constructed in 50 years.

GERMANY - Extreme weather, including snow and wind, caused chaos and three deaths have been reported in Bavaria and North Rhine-Westphalia.

RUSSIA - A 47-minute maiden test flight of the Russian stealth fighter Sukhoi T-50 took place in the country’s Far East region on Friday.

CYPRUS - United Nations Secretary-General Ban Ki-moon arrived on the island on Monday to begin talks aimed a reuniting the country.

IRAQ - A female suicide bomber killed 41 people and injured a further 106 in an attack in the capital Baghdad.

INDIA - At least 12 people drowned and 20 others are still missing after a boat accident in West Godavari District, Andhra Pradesh.

CHINA - State media voiced the country’s disapproval after the USA last week approved a US$6 billion arms sales package to Taiwan.

CHINA - Authorities arrested two people after an incident on board a flight from Xinjiang bound for Wuhan in which a passenger set fire to toilet paper, forcing the plane to turn around.

NORTH KOREA - The country fired artillery towards South Korean territory at the Northern Limit Line for a 3rd consecutive day.

JAPAN - Honda recalled 650 000 of the Jazz vehicles worldwide over potential electrical faults after an electrical defect caused the death of a toddler in South Africa.

AUSTRALIA - Roger Federer beat Andy Murray to win the men’s singles title at the 2010 Australian Open on Sunday.

HAITI - The country confirmed that the death toll has reached 150 000 following the recent earthquake and acknowledged the immediate international assistance it received from Cuba, the Dominican Republic and Venezuela.

PERU - The death toll from flooding in the south of the country rose to 20 as a state of emergency was declared there and in parts of neighbouring Bolivia.

ARGENTINA - The President of the Central Bank resigned after a row with the country’s President, Cristina Fernández de Kirchner.

Floods

RUSTENBURG - Widespread rain in the North West caused damage to thousands of houses and claimed the lifes of several people. Eleven people have already drowned and in the latest report one person drowned and about 150 households have been left destitute after flooding in parts of the North West in the Taung area. “A person who drowned last Wednesday has been found by rescue teams. They recovered the body and the next of kin have been informed,” a municipal spokesperson at Taung municipality said. “Approximately 150 households have been affected, but the number is bound to increase.” Metswi, the spokesperson of the municipality said statistics from an emergency hotline and information from councillors were still being collated to determine exact numbers.

SIZANI TRAINING ACADEMY

SASSETA ACCREDITED TRAINING PROVIDER

SPECIAL COURSES FOR LAW ENFORCEMENT AGENCIES (SECURITY, POLICE ETC) and OTHERS

SASSETA E to **C** courses Duration (3) three Months each. (RPL) Recognition of Prior Learning for the Old PSIRA/SOB certificates to SASSETA Certificates Duration 2 Days Fire-Arm Training for Rifles, Shot and Hand Guns 2 Days Training.

Also the following Courses are offered.

- Operate a personal Computer System
- Apply knowledge of HIV/AIDS to a work place
- Care of customers
- Write a security report and take statements
- Respond to emergency signals and situations
- Operate effectively to a specified control room
- Conduct security at an event
- Explain the requirement for safe guarding a national key point
- Safe and Secure escorting of valuable, people and suspects
- Apply Health, safety at work area
- Apply Occupational Health, safety and environmental principles

Many courses are offered just Visit us at **c/n Oliver Tambo and Leyds Street Rustenburg or call 014-594 2960.**
Register now to avoid disappointment
Courses start on the 01/03/2010